# 13 April 2024 - Lesing 287 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Oor die leer van die herbeliggaming (reinkarnasie) – 17/5/62

**No: 8180** Deur die stem van die Gees kan Ek Myself aan julle openbaar, as julle opreg begeer om deur My onderrig te word. **Ek wil slegs dat julle in die waarheid leef,** dat julle gedagtes geen verkeerde weë gaan, dat julle nie deur **valse leringe** beïnvloed word deur hom wat die waarheid wil ondermyn nie. Want die waarheid versprei 'n lig waardeur hyself en sy aktiwiteite belig word.

Daarom moet julle glo wat Ek julle verkondig deur die Gees. Dit moet tog vir julle begryplik wees dat My teenstander alles sal doen om julle in geestelike duisternis te hou, waarin hy ook 'n onbeperkte mag oor julle het, **want sodra julle in die waarheid leef, is julle vir hom verlore**.

Hy sal dus altyd julle denke verkeerd rig en elke verkeerde gedagte **het duisend ander verkeerde gedagtes tot gevolg.** En so sorg hy daarvoor dat ook die sin en die doel van julle aardse bestaan vir julle verborge bly en dat julle vir julleself 'n heel valse beeld skep van julle aardse opdrag en hy poog **dat julle nie geïnteresseerd raak in enige geestelike strewe van watter aard ookal nie**.

Hy probeer om in julle die liefde vir die wêreld aan te wakker en hy sal julle daarom steeds **'n herhaling van julle lewe op aarde as begerenswaardig voorstel** en julle ook "bewyse" daarvan gee. Want julle strewe na volmaaktheid word dan verswak, sodra julle glo dat julle steeds weer hierdie aarde mag betree, as julle nog nie die volmaaktheid bereik het nie.

Hierdie voorstelling aan die kant van My teenstander is een van sy geliefste middele. Juis daarom het die **leer van reïnkarnasie** baie byval gevind en is dit baie moeilik om uit te roei.

Want My teenstander gaan baie listig te werk om die geloofwaardigheid van hierdie leer te bevestig, ofskoon geen mens vir sy lis hoef te swig nie. Want sodra die mens 'n ernstige verlange na die waarheid het en homself tot My Self wend, sal hy ook **die onsinnigheid insien** van dit wat hy deur hom voorgestel kry - en hy sal ook duidelik die waarheid in die hart voel. Hy sal weerstand in homself voel teen dit wat van My teenstander afkomstig is, **want sy ernstige verlange na die waarheid waarborg dit ook vir hom**.

Maar baie mense is onderhewig aan sy invloed op hierdie gebied, **omdat hy dit self wil** dat hulle weer na die aarde moet terugkeer, omdat die liefde tot die wêreld in hulle nog so groot is en vir hulle is die gedagte troosvol om die aardse lewe opnuut te kan lei.

Maar steeds weer moet aan julle gesê word dat julle op 'n dwaalspoor gelei word as julle in 'n herbeliggaming glo, **al is daar ook enkele gevalle, vanweë 'n spesiale rede,** wat egter nie veralgemeen mag word nie. Want in My heilsplan van ewigheid is waarlik alle moontlikhede gegee, wat julle voltooiing tydens die aardse lewe waarborg.

Elke swakheid kan julle self uit die weg ruim, omdat Ek vir julle aan die kruis gesterwe het daarvoor, sodat Ek vir julle die wilskrag verwerf het en julle My te alle tye kan aanroep in JaHshua, die Verlosser van sonde en dood en julle dan ook die graad op aarde sal bereik wat aan julle **die ingaan in die ligryk verseker**, waar julle kan styg tot eindelose hoogtes, omdat daar dan geen beperking meer vir julle is nie.

Benut julle egter nie julle aardse lewe nie, sodat julle onverlos die hiernamaals ingaan, dan sou ook 'n herhaalde beliggaming op die aarde julle **van geen nut wees nie.** Want julle behou julle vrye wil, terwyl die herinnering aan vroeër van julle weggeneem word en julle sal dan 'n veel groter gevaar loop om weg te sink in die diepte, wat egter nooit deur My bevorder sal word nie, maar steeds verhinder sal word.

Daar kan nou al op aarde vir julle 'n lig ontsteek word, sodat julle:

1. die kennis kan ontsluit van julle vroeëre **afvalligheid** van My en
2. van My plan om julle **terug te voer**,

dan sal julle ook duidelik die weg voor julle sien wat julle moet aflê om julleself te voltooi.

Dan sal julle ook insien dat die leringe valse dwaallere is wat julle 'n volgende gang oor die aarde in die vooruitsig stel. Want dit spreek dan My heilsplan van ewigheid af teë, wat in alle Wysheid en Liefde deur My gegrondves was om vir julle die bevryding uit die vorm moontlik te maak, waartoe julle vrye wil vereis word.

En sodat julle vrye wil korrek kan kies, laat Ek julle steeds weer die waarheid deur Myself toekom wanneer julle hierom vra, indien julle self begeer om in die waarheid te lewe.

Maar julle sal begryp dat My teenstander alle mag sal gebruik wat julle hom verleen en dat hy dwaallere aan julle sal voorstel, solank julle nie deur **'n ernstige verlange na die waarheid** sy werksaamheid afwys nie. Want nooit sal hy sy dwalinge kan volhou waar Ekself as die Ewige Waarheid **as beskerming teen dwaling aangeroep word nie**.

Want dan is hy volkome magteloos, omdat die lig wat van Myself uitstraal, hom ontmasker en daarom sal hy die Lig steeds ontvlug. Amein.

***Mattheus 17:12*** *maar* ***Ek sê vir julle dat EliJaHûW al gekom het, en hulle het hom nie erken nie****, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die Adam ook deur hulle ly. [1 Konings 17]*

*13 Toe verstaan die studente dat Hy met hulle van* ***JeHôWganan die Wasser (Johannes die Doper)*** *gespreek het.*